IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA Ass.

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-05-27

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 227

(Bladsye 12 024 - 12 068)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF HERVAT OP 27 MEI 1987.

OUPA JOHN HLOMOKA, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. FICK : U Edele, die Staat vra dat die verhoor voortgaan sonder beskuldigde nr. 19 wat na ŉ geneesheer geneem is vir ondersoek.

HOF : Dit word toegestaan.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Hlomoka, op die vergadering van 26 Augustus 1984 was daar polisie teenwoordig? -- Ek weet nie. Ek het nie die polisie binne-in die vergadering gesien nie.

Na die vergadering van 26 Augustus, het u met u bestuur besluite opgeneem wat op hierdie vergadering geneem is? -- Ek is nie een van die besturende komitee nie. Ek het gesê die Anti-Rent Committee van Sharpeville was in beheer van die vergadering.

Nee, het u met u AZAPO bestuur enige van die besluite wat op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 geneem is opgeneem? -- Nee, ons het nie die vergadering bespreek as ŉ komitee by AZAPO nie.

In die week tussen 26 Augustus en 2 September 1984 u het toe seker bewus geword van die besluite wat op ander vergaderings in die Vaal geneem is in verband met die huurverhogings? -- Ek het gehoor dat daar ŉ ooreenstemming was oor iets, maar ek is net bewus van een vergadering. Dit is die vergadering van Small Farms.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry wat bedoel u met ooreenstemming? Ooreenstemming tussen die besluite op verskillende vergaderings of bedoel u dat hulle ooreengekom het oor iets op een vergadering? -- Dat daar ooreengekom was by die vergadering van Small Farms.

Dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dat daar ŉ besluit geneem is op die vergadering? -- Ja.

MNR. FICK : En meer spesifiek dat daar ŉ besluit was dat die raadslede moet bedank? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Het u verneem van ŉ besluit dat die verhoogde huur nie betaal gaan word nie? -- Ja.

Het u verneem dat hierdie vergadering van Small Farms op 26 Augustus 1984 besluit het dat daar ŉ wegbly-aksie sal wees op 3 September? -- Dit is so, ja.

En u het ook verneem dat daar op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 besluit was dat daar ŉ opmars sal wees na Houtkop? -- Dit is so.

En u sê - het u hierdie kennis wat u opgedoen het by Small Farms met u bestuur by AZAPO bespreek? -- Nee, ek het daarvan gehoor, dat daar sulke besluite geneem was op die Saterdag, dit wil sê die 1ste.

HOF : Van September? -- Ja, September 1984.

MNR. FICK : U is toe na die vergadering van 2 September by beskuldigde nr. 3 se kerk? -- Dit is so.

Is u voor die tyd na hierdie huis van beskuldigde nr. 3 toe weer?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ek wil net voordat u oorgaan, mnr. Fick, ŉ vraag vra. Mnr. Hlomoka, van wie het u verneem van hierdie besluite wat te Small Farms geneem is? -- Wat die wegbly-aksie betref het ek by my huis daarvan verneem en wat die res van die besluite betref, het ek gehoor as gevolg van die besprekings, dit wil sê daar was mense gewees wat gesels het. Ek het deelgeneem aan daardie geselskap. Toe het ek daarvan gehoor. Ek kan net nie onthou wie die mense is nie.

Sommer in die algemeen gesels? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK : 2 September voor u na die vergadering toe is in die kerk van beskuldigde nr. 3, is u na beskuldigde nr. 3 se huis toe? -- Nee.

Het u voor die aanvang van die vergadering op 2 September 1984 met beskuldigde nr. 3 gepraat? -- Dit is so.

Waar was dit? -- By die hek van die kerk.

Wat het u met beskuldigde nr. 3 oor gesels? -- Eintlik is dit nie dat ek direk met beskuldigde nr. 3 gepraat het nie. By die hek het ek beskuldigde nr. 3 in die geselskap van Kehla teëgekom.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Mthembu? -- Ja. Ek was toe verbaas om Kehla daar te sien. As gevolg daarvan het ek vir Kehla gevra wat hy daar kom soek het. Terwyl ek met Kehla gepraat het, het beskuldigde nr. 3 melding daarvan gemaak dat hy weg gaan na die "synod" toe, dus moet die vergadering kort wees.

MNR. FICK : Hoe het Kehla Mthembu vir u gesê wat kom maak hy by die vergadering? -- Hy het gesê hy is genooi.

Het hy gesê wie hom genooi het? -- Nee.

Is dit al wat u met beskuldigde nr. 3 gepraat het voor die kerk? -- Ek onthou dat hy daar vir my gesê het van die "synod", dat hy die "synod" moet bywoon. Ek kan net nie met sekerheid sê of hy vir my gesê het hoe lank weg gaan wees by die "synod" nie.

Het u van u kant enigiets bespreek met beskuldigde nr. 3 voor die vergadering? -- Nee.

Kan u vir die Hof verduidelik waarom het beskuldigde nr. 3 vir u wat nie een van die komitee is nie en niks met die vergadering uit te waai het nie, gesê die vergadering moet kort wees? -- Nee, ek weet nie wat die rede is nie.

U het hom ook nie gevra nie? -- Nee.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Is u 'n man wat lank praat? -- Nee.

MNR. FICK : Het beskuldigde nr. 3 geweet u wil op die vergadering praat? Het u so 'n versoek gerig aan hom? -- Nee, ek het nog nie 'n versoek aan hom gerig nie.

Wie was die voorsitter van hierdie vergadering? -- Peter Hlubi.

Het u met Peter Hlubi enigsins gepraat voor hierdie vergadering van 2 September 1984? -- Nee.

Het u met enige - laat ek so vra, het u geweet wie is die ander persone wat op hierdie komitee dien wat hierdie vergadering gereël het? -- Ek het nie geweet wie die lede was nie. Eintlik was my kennis beperk gewees. Omdat ek vir Peter Hlubi en Nozipo Myeza op die 19de gesien het, het ek aanvaar dat hulle die lede is van die komitee, maar ek het nie my eie kennis van wie die lede was van die komitee nie.

Voor u by die kerk ingegaan het by die vergadering van 2 September 1984 het u nog iemand anders ook ontmoet en mee gepraat? -- Ek onthou nie.

Speech? -- Nee, ek weet nie wie die persoon is nie.

Ken u nie iemand met die naam van Speech nie? -- Nee.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u Speech se regte naam?

MNR. FICK : Ek het net die naam Speech. Ek het nie verdere name nie. Ek dink sy van is Mkatsonyane. -- Ek ken nie die persoon nie.

In hierdie tyd - wanneer laas voor hierdie vergadering van 2 September 1984 het u vir IC.8 laas gesien? -- Ek kan nie meer presies onthou nie, maar wat ek wel kan onthou is dat die laaste wat ek met hom iets te doene gehad het, het ons van die assuransie gepraat.

HOF : Wou u 'n assuransie aan hom verkoop?-- Ek het alreeds

aan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

aan hom die assuransie verkoop. Die dokumente was al gereed gewees. Al wat uitstaande was op daardie stadium was dat hy vir my die geld moes gegee het. Dit wil sê die paaiement maak.

MNR. FICK : U kan nie naastenby 'n aanduiding gee hoe lank dit was voor hierdie vergadering wat u laas vir IC.8 gesien het nie? -- Dit kan 'n week of twee wees wat ek hom laas gesien het voor die vergadering.

Was beskuldigde nr. 3 van die begin af op die vergadering saam met u? -- Ja, dit is so. Hy is eintlik die persoon wat hierdie vergadering met 'n gebed geopen het.

Het u tydens hierdie vergadering of voor die vergadering vasgestel hoe dit gebeur het dat Kehla Mthembu 'n spreker op hierdie vergadering is? -- Ek het van hom verneem dat hy genooi is en ek was dus nie verbaas toe hy daar 'n toespraak gemaak het nie, maar hoe dit gekom het dat hy genooi was, weet ek nie.

Hoe is Kehla Mthembu aan die gehoor voorgestel? -- Ek kan nie meer alles presies onthou wat gesê was nie, maar dat hy die gewese president was van AZAPO was gemeld gewees in die voorstelling.

En op daardie stadium op 2 September 1984 wat was sy posisie in AZAPO indien enige? -- Youth Secretariate is die pos wat hy beklee het.

Was hy die eerste spreker of het daar ander sprekers voor hom gepraat? -- Hy was die enigste spreker daar.

Was op hierdie vergadering die resolusies weer uitgelees? -- Dit is so.

HOF : Ken ek net iets hieroor vra. By die vorige vergadering het dit ook so gebeur dat resolusies uitgelees het. Is dit

korrek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

korrek? -- Ja.

Ek het die indruk gekry dat by die vorige vergadering die resolusies aan die begin van die vergadering uitgelees is? Nou nie heel aan die begin nie, maar vroeg in die vergadering? -- Ja, dit is so. Al die resolusies was gelees net na die gebed. Dit wil sê met die opmerkings van die voorsitter is die resolusies gelees aan die gehoor.

Het dit by hierdie vergadering ook so gebeur? -- Ja, dit is so.

Kan u net vir my verduidelik waarom die resolusies aan die begin gelees word? Ek het altyd begryp dat 'n mens 'n vergadering hou en aan die einde van die vergadering neem jy besluite? -- Die eerste vergadering wat ek bygewoon het daar was die 19de. Met my bywoning van hierdie vergadering was dit alreeds 'n vergadering wat die tweede vergadering is, want daar was al resolusies geneem by die vorige vergadering. Ek het dus opgemerk dat dit so gedoen word, soos deur my beskryf dat die resolusies gelees word met die openingsopmerkings van die voorsitter, maar by die einde van die vergadering word daardie resolusies weer gelees tesame met nuwe resolusies wat geneem word by hierdie vergadering.

MNR. FICK : Het u nie ook op hierdie vergadering gepraat nie? -- Ek het iets te sê gehad by hierdie vergadering tydens die besprekings daar. Ek het nie iets daar gesê soos 'n spreker wie se naam eintlik op die program was wat gereël is nie.

Die resolusies wat op hierdie vergadering aan die begin gelees is, is dit dat daar nie huurverhoging betaal sal word nie? -- Dit is so.

Is dit daar gevra sal word die raadslede moet bedank?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Ja.

Enige ander? -- Ja, nog twee. Dat daar ŉ petisie gemaak gaan word en die "court interdict" wat gedoen sal word.

HOF : Is dit die twee of is dit een? -- Dit is twee verskillendes.

MNR. FICK : Waaroor het Kehla Mthembu se toespraak gehandel sê u? -- Kehla se toespraak het gehandel oor die eenheid van die mense, dat die mense ŉ eenheid moet vorm en hy het toe melding gemaak van die ontevredenheid van die gemeenskap aangaande die huur. Hy het toe ŉ voorbeeld gemaak van ŉ Swartwoonbuurt bekend as Ratanda in Heidelberg en Mohlakeng wat in Randfontein geleë is.

Wat het Kehla Mthembu presies vir die gehoor vertel oor eenheid? -- Daarby het hy gesê met eenheid, as daar ŉ probleem is wat die gemeenskap ondervind, sal die gemeenskap in staat wees om dit opgelos te kry as hulle verenig. Hy het ŉ lang toespraak gelewer. Wat ek onthou is dat hy die voorbeelde genoem het wat die sukses behaal het as gevolg daarvan dat die persone daar betrokke ŉ eenheid eers gevorm het om die sukses te behaal.

Het hy aan die gehoor oorgedra en ŉ beroep op die mense in die gehoor dat die mense in die Vaal moet verenig teen die huurverhogings? -- Dit is so.

En het u gesê dat as die Swartmense in die hele Vaal, al die gebiede so verenig is, dan moet hulle die raadslede vra om te bedank? -- nee, hy het dit nie so gestel soos dit nou aan my gestel word nie. Wat ek onthou hy gesê het was die beroep wat sê dat die raadslede moet bedank is nie ŉ beroep wat onmoontlik is nie.

En het hy gesê dit is nie ŉ onmoontlike beroep as

almal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

almal in die Vaal verenig teen die raadslede nie? -- Hy het nie gepraat van die vereniging van mense met betrekking tot die bedanking van die raadslede nie, maar dit het hy genoem met betrekking tot die huur.

Maar hy gee dan die voorbeeld van Ratanda waar die raadslede bedank het? -- Ja, dit is toe hy gesê het dit is nie ŉ onmoontlike beroep dat hulle moet bedank nie.

As julle in die Vaal verenig soos Ratanda verenig het? -- Nee, ek het dit nie so verstaan dat hy eintlik so praat nie.

Het Kehla Mthembu enigiets gepraat van ŉ opmars? -- Nee, hy het nie.

Is Kehla Mthembu ŉ goeie spreker? -- Wat my betref, ja. Ek weet nie wat is ander mense se siening nie.

U praat in u getuienis ook van ŉ Nana wat iets te sê gehad het op hierdie vergadering? -- Dit is ŉ baie jong dame.

HOF : Hoe jonk? -- Tussen die jare 22 of 23.

MNR. FICK : Behoort sy aan enige organisasie wat u van weet? -- Ek weet nie.

Wat het Nana vir hierdie gehoor gesê? -- Nana het gesê daaris ŉ pamflet wat melding maak van die wegbly-aksie. Sy het verder melding gemaak dat hierdie pamflet praat van die ouers en kinders en verder gesê dat daar nie werk toe gegaan moet word môre nie, dit beteken die volgende dag. Sy het toe verder gesê dat dit haar versoek is, soos dit genoem is, dit aanvaar word deur hierdie vergadering.

Het sy ook gesê dit is daar besluit volgens die pamflet dat kinders nie skool toe sal gaan nie? -- Dit is so.

Het sy gepraat van enige opmars 3 September? -- Nee.

Het sy gesê wat moet die mense doen as hulle nou so

wegbly/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

wegbly die werk en die skool af? -- Nee.

Wat was beskuldigde nr. 3 se reaksie op haar versoek en inligting wat sy gegee het? -- Ek het nie gesien wat beskuldigde nr. 3 se reaksie was nie, want ek sal u sê, hy het nie gepraat nie. Die enigste persoon wat daar gepraat het in antwoord was ek.

Op 'n later stadium in die vergadering toe daar gepraat is van die volgende dag kan die mense moontlik by sy kerk bymekaar kom, het beskuldigde nr. 3 toe enigiets gesê? -- Wat ek wel onthou is dat hy nou die voorstel gemaak het dat die vergadering nou uiteen moet gaan. Dit was na ek in antwoord my antwoord oorgedra het aan die gehoor wat dan aanvaar was by die vergadering dat hy so 'n versoek gerig het.

Was u die enigste persoon wat reageer het op Nana se inligting wat sy op die vergadering gegee het? -- Ja, 'n persoon wat amptelik met die toestemming van die voorsitter geantwoord het, was ekself. Daar was wel ander mense van die gehoor wat sommer sulke antwoorde gegee het, los antwoorde sal ek dit noem, sonder dat daar enige toestemming aan hulle gegee was om amptelik daarop te antwoord. Dit wil sê mense wat sommer van die gehoor af geantwoord het.

HOF : Tussenin geskreeu? -- Daar was daardie tipe geskreeuery voor ek amptelik geantwoord het op dit wat gesê was. Die geskreeuery was, van die mense het saamgestem met wat gesê is en van hulle nie. Byvoorbeeld van die mense het gevra waarvandaan dit kom. Dan antwoord iemand sommer van die gehoor af en sê van Sebokeng af. Dan skreeu iemand anders daar en sê "Nee, ons weet nie."

MNR. FICK : Maar sy het ook 'n voorstel gemaak dat julle moet inval by hierdie wegbly-aksie. Het die voorsitter nie

gesê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gesê "Maar wag, laat daar nou orde kom, dan bespreek ons die dinge ordentlik en dan kan ons 'n besluit neem daaroor" nie? -- Dit sou 'n normale prosedure gewees het dat daar iets bespreek moet word alvorens 'n besluit geneem word oor iets wat voorgestel is. Byvoorbeeld op hierdie stadium was dit tydens die stadium van die besprekings en ons was besig om met die protes te handel, toe hierdie een ook nou gemeld was. So, 'n mens sou verwag het dat daar sulke besprekings uitgevoer word. Dit was misbruik van 'n woord. Ek wou nie 'n protes genoem het nie, maar ek verwys na daardie dokument wat ek vroeër van gepraat het wat geteken was by hierdie vergadering. Dit was tydens daardie tyd wat die dokument geteken word dat hierdie ook gemeld was, nie 'n protes nie.

<u>HOF</u> : Dit is nou die petisie? -- Ja.

Dat Nana hierdie gemeld het? -- Die kwessie van die petisie was al afgehandel gewees toe hierdie een opgeduik het.

<u>MNR. FICK</u> : Het die voorsitter vir die gehoor geleentheid gegee om hierdie voorstel van Nana te bespreek, ja of nee? -- Ja, want die manier van bespreking was dat 'n persoon 'n hand moet oplig en dan word daardie persoon uitgewys, dit wil sê hy word nou die kans gegun dat die voorsitter dan kan hoor wat die persoon tessê het.

Het dit gebeur? -- Ja, dit is so, want ek was daardie kans verleen om te praat.

Was u die enigste een wat daardie kans gekry het om te praat? -- Ek sal so sê, ja, want my versoek was aanvaar.

Was daar geen ander versoeke behalwe u versoek? -- Nee, daar was nie ander versoeke gewees nie, want onmiddellik na ek my versoek gemaak het, het die voorsitter navraag gedoen by die vergadering of my versoek aanvaar word. Die antwoord

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was bevestigend van die gehoor af.

HOF : Stadig nou net 'n bietjie. Ek begryp dit nou nie mooi nie. As iemand tydens besprekingstyd iets wil sê en hy vra die voorsitter verlof, vra die voorsitter by julle vergadering eers vir die vergadering of die man mag praat of beslis die voorsitter dat hy mag praat? -- Die voorsitter gee sulke verlof.

Waarom het hy in hierdie geval vir die vergadering gevra of u mag praat? -- Dit is 'n woord wat verkeerd gebruik was. Wat die getuie bedoel is, ek het 'n voorstel gemaak aan die vergadering na aanleiding waarvan die voorsitter toe van die gehoor verneem het of die gehoor saam met die voorstel van my gaan of nie.

MNR. FICK : Het Nana verduidelik aan die gehoor op die vergadering van 2 September waar kom sy aan hierdie pamflet, wie se pamflet dit is? -- Wat sy aan hierdie vergadering verduidelik het is dat die pamflette is verkry in die woonbuurt. Waarvandaan dit gekom het of hoe die pamflette daar gekom het, het sy nie verduidelik nie.

Het iemand haar gevra wie se besluite staan op hierdie pamflet, AN15(ii)? -- Ja, dit was in die pamflet gemeld wie die besluite geneem het.

HOF : Wie? -- Dit het gesê die inwoners. Die boodskap wat in die pamflet bevat was, was presies net soos dit daar geskryf staan op die pamflet wat hier ingehandig is as 'n bewysstuk wat ek nie uit my geheue nou kan herhaal nie.

Was dit AN15(ii) of wil u hom eers sien?-- Dit is soortgelyk. Die boodskap daarin vervat was soortgelyk aan die BEWYSSTUK AN15(ii).

MNR. FICK : Het Nana verduidelik of het iemand haar gevra

of/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

of dit ŉ organisasie is wat hierdie vergaderings gehou het toe hierdie besluite geneem is? -- Ek het vroeër in my getuienis gesê daar was ŉ geskreeuery van die gehoor oor die vrae wat gevra was en die antwoorde. In daardie tyd was daar sulke vrae van die gehoor wat ook geskreeu was.

Wat was die antwoord wat geskreeu was? Watter organisasie se besluit was dit? -- Soos ek alreeds gesê het, daar was so ŉ vraag gevra in daardie geskreeuery deur verskillende mense in die gehoor en die antwoord het op dieselfde manier gekom. deur ŉ geskreeuery van die gehoor en nie deur die persoon aan wie die vraag gerig was nie.

HOF : Wat is die antwoord wat geskreeu is? -- Wat ek onthou is dat daar was van die mense wat gesê het die oorsprong hiervan is Sebokeng en daar was van die gehoor wat gesê het hulle weet nie wat die oorsprong van hierdie ding is nie.

MNR. FICK : Wat het u verstaan onder wat die persoon sê wat die oorsprong is, naamlik Sebokeng? Het u verstaan ŉ sekere organisasie in Sebokeng of die mense in Sebokeng? Wat het u verstaan? -- Op daardie stadium het ek alreeds geweet dat daar so ŉ besluit was wat betrekking het op die vergadering gehou te Small Farms.

Deur die VCA? -- By die vergadering wat deur VCA belê was.

Nana het toe gesê sy stel voor dat hierdie voorstel van haar van die wegbly-aksie moet gevolg word deur die vergadering. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Wat was haar motivering, indien enige? Hoekom moet julle dit volg? -- Sy het dit nie motiveer nie.

Het sy nie gepraat van die eenheid, die "unity" wat hieruit sal blyk as julle dit opvolg nie? -- Nee, na sy

melding/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

melding gemaak het van hierdie pamflet en dit wat sy gesê het daarin bevat word, het sy toe aan die vergadering gesê dat dit is haar versoek dat die vergadering dit so aanvaar.

Voordat ons kom by u reaksie op hierdie versoek. U het so ŉ rukkie terug gesê hierdie voorval met Nana en BEWYSSTUK AN15(ii) - aanvanklik het u gesê tydens die tyd wat die petisie geteken was is dit bespreek en toe het u daarna gesê nee, dit is na dit afgehandel is toe is hierdie pamflet bespreek.
Nou wil ek vir u vra, hoeveel petisies is geteken op hierdie vergadering? -- Ek praat nie van teken van petisies nie. Ek praat van bespreking van petisies. Indien daar enige petisies geteken was, het ek dit nie gesien nie. Ek praat van besprekings daarvan.

Ek wil dit net aan u stel dat u het ŉ rukkie terug vir hierdie Hof gesê vandag tydens die tyd wat die petisies geteken was of net daarna is die geval van Nana bespreek.
-- Nee, ek het gepraat van petisies. Daarby het ek ŉ aanduiding gemaak dat ek praat van dokumente wat geteken word, dit wat ek petisies noem. Ek het nie eintlik bedoel dat petisies daar en dan geteken was nie.
HOF : Ja, maar wat bedoel u met dokumente wat geteken was? Wat se soort dokumente is dan geteken? -- Nee, die woord "petisie" self het my totaal ontgaan. Toe ek gepraat het van dokumente wat geteken word, het ek probeer verduidelik aan die tolk wat se dokumente ek besig was om te probeer beskryf. Ek het nie die woord "petisie" self gebruik nie.

Maar dit gaan nie nou daar om nie. Is daar ŉ dokument geteken, of dit nou ŉ petisie is of nie? -- Toe die dokumente geteken word het ek dit nie gesien nie. Daar was wel petisies, dit wil sê dokumente. Van dit is daar aangebring nadat

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dit alreeds geteken is.

MNR. FICK : Wat was bespreek op hierdie vergadering oor die petisies? -- Wat daar bespreek was, was dat die petisies wat beskikbaar is daar die handtekeninge nie genoeg is nie. Melding is toe ook by hierdie vergadering gemaak van mense, die verteenwoordigers wat die petisies sal ronddra vir verskillende areas. Wat sê is daar is dat elke area na die verdeling van die areas sal twee verteenwoordigers moet hê om die petisies rond te neem. Drie persone sal toegeken word aan elke area. Wat verder bespreek was daar was dat beskuldigde nr. 3 het aan die gehoor gesê dat diegene wat gekies is om as 'n verteenwoordiger in 'n area te gaan dien met die petisies, sal moet toesien dat dit die volgende môre terugbesorg word, indien moontlik dieselfde aand nog terugbesorg moet word. Dit is soveel as wat ek kan onthou van die petisies.

Is daar gesê wie is die verteenwoordigers van die verskillende areas op hierdie vergadering? -- Soos ek alreeds gesê het, ek kan nie meer onthou of op die 26ste enige persone uitgewys was vir verskillende areas nie, maar die aanvullende persone by die areas se name is by hierdie vergadering deur Nozipo Myeza aangeteken.

Wie het hulle gekies? -- Ek kan nie onthou dat hulle gekies was nie. Wat ek wel onthou is dat dié wat hulle self bereid verklaar het om te gaan help, sal na vore kom of hulle besonderhede sal aan Nozipo gegee word.

Hierdie hele kwessie rondom die verteenwoordigers wat nou die petisievorms moet kry en rondneem, wanneer het dit plaasgevind op die vergadering, die bespreking? -- Dit het alles plaasgevind na die toespraak van Kehla.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Nou stel ek aan u hierdie hele kwessie van die petisie op hierdie vergadering is u getuienis vals? -- Ek sê dit het plaasgevind.

Nou kom ons by u antwoord op die versoek van Nozipo - ekskuus van Nana dat hierdie vergadering ook moet besluit of daar ŉ wegbly-aksie gaan wees 3 September. Wat het u geantwoord?

MR BIZOS : May I appeal that the prosecutor use the woord "voorstel". We have had a misunderstanding before.

HOF : Herhaal net die vraag weer?

MNR. FICK : Wat was u reaksie op Nana se voorstel dat hierdie vergadering ook moet besluit om ŉ wegbly-aksie na te volg op 3 September? -- In antwoord daarop, soos deur haar versoek, het ek gesê die persone wat saamstem met die wegbly-aksie dat hulle deel gaan neem daaraan, versoek ek dat hulle na die kerk toe kom die dag van die wegbly-aksie om 09h00.

Het u toestemming gehad of gepraat met beskuldigde nr. 3 vooraf om te hoor of sy kerk beskikbaar is op 3 September, die volgende dag, dat u sommer sy kerk so aanbied vir die mense? -- Nee. Wat ek daarop kan sê is, dit was ŉ versoek gewees wat deur my gemaak was aan die gehoor in die teenwoordigheid van beskuldigde nr. 3. Dit was nie ŉ instruksie gewees dat dit so moet wees nie. Dit was ŉ versoek.

HOF : As ons nou praat van versoek, bedoel ons ŉ versoek of ŉ voorstel? -- Wat my betref dink ek dit is dieselfde. ŉ Versoek en ŉ voorstel, want ŉ voorstel kan jy maak en dit moet aanvaar word aan die einde. ŉ Voorstel wat jy maak sal ook later aanvaar moet word, dat jou voorstel aanvaar word deur die mense aan wie jy dit doen.

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 3, het hy enigsins reageer?

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Nee.

Hy het nie soos op die vorige vergadering toe Botha gepraat het opgestaan en gesê maar hy maak beswaar teen wat hier aangaan, julle wil nou besluit neem oor goed wat nie deur hierdie vergadering bespreek was vantevore oor die "stay-away" nie? -- Nee, hy het dit nie gedoen nie.

Wat wou u gehad het as die mense nou daar by die kerk kom die volgende dag, 3 September, wat gaan dan gebeur? -- In die eerste plek het ek nie geglo dat hierdie wegbly-aksie ꞌn sukses sal wees nie en tweedens, ek het die indruk gehad dat aangesien dit nou ꞌn Maandag is en die mense daar sal opdaag met hierdie protes, sal die superitendent se kantore oop wees want dit is ꞌn Maandag. Die petisies is dit waarvan ek praat van die mense sou gebring het.

Wat beteken u antwoord nou? Wat het u gedink gaan gebeur 3 September? -- Dan sou hulle die kwessie van die huur gaan bespreek het of met die dorpsbestuurder, die superintendent of hulle sal besluit wat se stappe om te neem afhangende wat hulle besluit het.

Hierdie wat u nou so gedink het, het u dit vir die gehoor oorgedra? -- Nee, ek het nie.

Hoekom nie? U maak die voorstel hulle moet die 3de daar bymekaar kom by die kerk, u het in u kop ꞌn idee wat hulle moet doen, maar u wil nie vir hulle sê nie? Hoekom nie? -- Ek het dit nie aan die gehoor genoem nie, want ek het aanvaar hulle is ꞌn komitee en ek het toe besluit dat indien ek melding daarvan maak, sal dit beteken dat ek ondermyn hulle komitee.

Nee, ek verstaan nou glad nie wat u sê nie. Hoe ondermyn u die komitee as u melding maak van wat u dink? --

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Die ondermyning kom neer op hierdie manier. Dit was die plig van die komitee gewees, die vergadering is belê deur die komitee en die vergadering sou wees aangaande die huur. So, alles het betrekking gehad op die komitee.

U het nie voor die tyd, voor u die voorstel gemaak het, met die komitee eers gaan praat om te hoor of dit hulle pas dat u voorstel dat daar 'n wegbly-aksie is en dat die mense na die kerk toe kom die volgende dag nie? -- Ek het dit nie gedoen nie, want ek het nie eers geweet wie die komiteelede was nie. Al waarvan ek bewus was, was dat beskuldigde nr. 3 een van hulle is.

U het nooit tot vandag toe uitgevind wie is die ander komiteelede nie? -- Nee, behalwe dat ek later ook die indruk gekry het toe ek uit my eie gedink het dat Peter Hlubi en Nozipo Myeza ook lede was van die komitee.

Hoe het u gedink ondermyn u die komitee as u 'n voorstel maak oor wat die mense die volgende dag by die kerk gaan maak en die komitee kan omdraai en sê nee, hulle is nie te vinde daarvoor nie of die gehoor sê hulle is nie te vinde daarvoor nie? -- Nee, die vraag is nie vir my duidelik nie.

MR BIZOS : I submit that the reason why it is not clear, is because it contains a misconception as to what the evidence was. The evidence was "I did not want to suggest anything further that should happen on the Monday by those who wanted to stay away, because if I suggested anything further, I would be undermining the committee." That was the evidence. The question that is put is "How did you feel that you were undermining the committee by suggesting that people should gather at the church the next morning, when they had the right to say no." That was the question.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Is dit wat u vra?

MNR. FICK : Ek kan nie sien wat is die beswaar nie.

HOF : Nee, nee, maar daar is 'n verskil. Wat is die vraag? Gee my net weer die vraag? Dit het my ontgaan.

MNR. FICK : Hoe het u gedink kan u die komitee ondermyn as u bloot 'n voorstel maak oor wat op 3 September by die kerk gedoen moet word en dit is oop vir die komitee of die vergadering om te sê "Maar ons stem nie daarmee saam nie"?

MR BIZOS : I have no objection to that question. -- Wat ek eintlik in gedagte gehad het, was dat om melding te maak van iets wat eintlik logies is vir 'n mens, beteken dit dat jy nou besig is om die persoon te ondermyn, want jy maak asof die persoon dit nie sien dat dit maar 'n ding is wat in die openbaar staan dat dit so kan gebeur nie.

MNR. FICK : Ek sal dit daar laat.

HOF : Ek wil u vra oor hierdie ding. U was oortuig daarvan dat die wegbly-aksie gaan nie slaag nie? -- Dit is so.

En dat die mense dus normaalweg sou gaan werk? -- Dit is so.

In die lig van daardie oortuiging waarom maak u dan die voorstel dat hulle die volgende dag by die kerk bymekaar kom? -- My voorstel daar was, diegene wat dit sal kan maak, dit wil sê om teenwoordig te wees moet kerk toe gaan. Dit het ek gesê omdat ek in my gedagte die volgende gehad het, dat mense werk toe sal gaan. Dat ek die tyd nou op 09h00 bepaal het is omdat meeste van die mense werk toe gaan voor 09h00.

MNR. FICK : U het vir hierdie Hof gesê u glo in "unity", eenheid? -- Ja, dit is so, maar sommer nie so 'n gewone eenheid nie.

Eenheid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Eenheid van die Swartmense? -- Nee, nie dit nie. Eenheid vir ŉ sekere rede, nie noodwendig vir die Swartmense nie.

En Kehla van AZAPO het op hierdie vergadering dieselfde K727 tema kom propageer aan die gehoor? -- Ek stem nie saam as u sê Kehla het dit ook maar kom propageer by hierdie vergadering nie. Wat ek wel kan sê in antwoord is dat tussen die Swartmense is eenheid wat by meeste besprekings bespreek word.

HOF : Wat bedoel u daarmee? Eenheid tussen wie en wie? -- Wat ek daarby bedoel is dat eenheid is maar ŉ gewone ding wat bespreek word tussen die Swartmense en dit kan genoem word vir verskillende dinge, gemik op verskillende redes-

MNR. FICK : U sê vir die Hof op die vergadering langs u sit ŉ persoon wat u inligting gee oor ŉ ander pamflet wat hy gesien het? -- Ja, dit is so.

En u het ook daardie pamflet gesien waarvan die man u vertel het? -- Ja, dit is so.

Die pamflet het gesê dat daar is nie meer ŉ "stay-away" nie? -- Ja, dit is so.

Hoekom dra u dit nie aan die gehoor oor nie? -- Soos ek alreeds aan u gesê het wat my houding was teenoor hierdie wegbly-aksie, sou ek nie iets gaan bevorder het wat nie eintlik ek op hoogte van is nie. Dit is met betrekking tot die pamflet waaroor u my nou vra.

Ek stel dit aan u, u wou nie vir die gehoor sê van hierdie pamflet nie, want u wou gehad het daar moet ŉ "stay-away" wees die volgende dag? -- Indien ek wou gehad het dat daar ŉ wegbly-aksie moet wees hierdie dag, sou ek nie bang gewees het om aan die gehoor te sê ek stem ook saam dat daar nie werk toe gegaan word die dag nie.

Ek stel dit aan u u wou nie dat dit by die gehoor

uitkom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

uitkom van hierdie pamflet wat sê daar is nie meer ŉ wegbly-aksie nie, omdat u wou "unity" eenheid in aksie gehad het die volgende dag, 3 September? -- Toe ek gesê het self dat diegene wat in staat sou wees moet die volgende dag kom, beteken dit met ander woorde dat ekself besig was om hierdie eenheid in aksie buite stelling te maak, want om dit te sê is ek besig om dit buite werking te stel.

HOF : Wat beteken dit? -- Wat ek sê is dat Nana sê dat die mense die wegbly-aksie moet aanvaar die volgende dag en inteendeel sê ek, diegene wat in staat gaan wees om daaraan deel te neem, moet die volgende môre kom en dit stel dan tot ŉ mate die eenheid in aksie buite werking, in die sin dat ek praat van diegene wat in staat gaan wees, in plaas daarvan om te sê die gemeenskap as geheel moet môre kom.

MNR. FICK : U was ten gunste van ŉ wegbly-aksie? -- Die wegbly-aksie met betrekking tot die huur is ek ten gunste daarvan. Tensy die wegbly-aksie goed beplan.

HOF : Mits of indien, nie tensy nie? -- Ja, mits.

MNR. FICK : U Edele, beskuldigde nr. 19 is terug in die hof. Ons weet nou wat u gedink het wat behoort gedoen te word 3 September 1984 by die kerk van Moselane. Is daar vir die gehoor op hierdie vergadering gesê wat hulle inderdaad moet gaan doen 3 September 1984 as hulle by die kerk kom? -- Nee.

So, hierdie mense het net geweet hulle kom 3 September na die kerk van beskuldigde nr. 3 toe, maar hulle weet nie om wat te doen nie? -- Ek het aanvaar dat hulle daarvan bewus is dat die huur verhoog is en dit is met ingang van die 3de dat dit in werking gestel word. So, hulle kom daar by die kerk gaan dit bespreek word.

HOF : Dit was nou al op die 12de en op die 19de en die

26ste/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

26ste en op die 2de en op die 3de? -- Ek het aanvaar dat alles wat hulle in die vorige vergaderings bespreek het en ooreengekom het waarop besluite geneem was, gaan in die praktyk gestel word op die dag van die 3de.

MNR. FICK : Wat beteken dit wat u nou vir die Hof sê? -- Dat die petisies gedoen moet word. Na dit gedoen is, as dit daar beskikbaar is, moet dit geneem word na die plek toe waarheen dit geneem moet word.

Hoe sou u in die praktyk dit bewerkstellig het, hierdie resolusie dat die raadslede moet bedank? -- Die petisie gaan ook reeds daaroor en die petisie sou geneem gewees het na die plek waarheen dit moes gaan.

Op die 3de? -- Dit is so. Dit is wat ek in gedagte gehad het.

HOF : Is niemand aangewys om die petisie te gaan bring nie? -- By al die vergaderings wat ek bygewoon het, was die ooreenkoms daar by die vergaderings dat beskuldigde nr. 3 die petisie na die regsman toe sal neem. Wat die ander plekke betref waarheen hierdie petisie moes gegaan het, was nie gesê deur wie dit gedoen sal word nie.

Was die gedagte dan dat almal dit saam sou wegbring op die 3de? -- Nee, ek het onder die indruk verkeer dat dit alles bespreek sal word.

MNR. FICK : Verstaan ek u reg, beskuldigde nr. 3 het tydens hierdie hele besprekings rondom hierdie voorstel van Nana en u antwoord daarop geen reaksie gehad op hierdie vergadering nie? -- Ja, ek kan niks onthou wat beskuldigde nr. 3 gedoen het na aanleiding van dit waarna u verwys het nie, behalwe dat hy 'n versoek gerig het dat die vergadering nou moet sluit.

Het beskuldigde nr. 3 ooit op die vergadering gesê

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die mense moet nie deelneem aan die "stay-away" nie? -- Nee, hy het nie.

Beskuldigde nr. 3 het ook nooit gesê dat die mense moet nie deelneem aan ŉ opmars 3 September 1984 nie? -- Nee, hy het nie.

Op hierdie vergadering van 2 September stel ek aan u dat u het die mense gesê hulle moet deelneem aan die wegbly-aksie, hulle moet deelneem aan ŉ mars Houtkop toe, u het vir hulle gesê hulle moenie die huur betaal nie? -- Ek ontken die stelling van die optog, die mars na Houtkop asook die wegbly-aksie, dat ek dit ooit gesê het. Wat betref die derde stelling oor die betaling van die huur, dit wil sê die betaling van die verhoging op die huur, is dit ŉ ou besluit wat geneem was voor hierdie dag van die 2de se vergadering. Dus was dit nie vir my nodig gewees om melding daarvan te maak nie.

Ek stel dit aan u u het op die vergadering geweld gepropageer en u het geskreeu op die vergadering "Mabafe"? -- Dit is nie die waarheid nie en ek kan nie verstaan hoe die Staat dit nou betrek hierso die woord "mabafe", dat ek dit aan die gehoor gesê het nie. Wat ek daarby sou bedoel het, "mabafe", hoe verwag ek dat dit moet plaasvind, dat hulle nou in daardie posisie geplaas moet word.

<u>HOF</u> : Hulle is wie? -- Wat ek daarby bedoel is, ek is verbaas dat ek hierdie woord gebruik het "mabafe" wat beteken dat hulle doodgaan. Wat ek nie verstaan nie is, wie het ek bedoel moet doodgaan en hoekom sou ek dit gesê het? Op wie was dit gemik?

<u>MNR. FICK</u> : Ek stel aan u u het teenoor die gehoor hierdie woord geuiter en dit was gemik teen die raadslede? --

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Dit ontken ek, want in die eerste plek woon ek nie in Sharpeville nie. Tweedens, die mense teenwoordig daar is nie aan my goed bekend nie. Ek weet dus nie wie die familie-lede van die raadslede was wat daar teenwoordig was nie. Dit sou hulle nie toegelaat het nie.

Ek stel aan u, die prentjie wat u aan die Hof probeer oordra dat u as gevolg van 'n koerantberig toevallig by hierdie vergadering van 19 Augustus uitgekom het en toe nou maar altyd weer na dié vergaderings toe gegaan het, is vals. U het doelbewus gegaan na hierdie vergaderings toe, u het geweet wat daar gesê gaan word en u het dit gedoen as 'n AZAPO lid om die mense daar op te sweep teen die raadslede en die raadstelsel? -- Ek ontken dit in geheel.

En ek stel dit aan u hierdie reeks vergaderings hier in Sharpeville, was deel van AZAPO se deelname aan die kampanje teen die Swart plaaslike besture saam met die ander organisasies in die Vaal? -- Ek het alreeds aan u vroeër gesê dat AZAPO 'n kampanje uitgevoer het en dit was die enigste een in die Vaal. Dit het te doene gehad met die verkiesings. Enige ander kampanje wat uitgevoer was teen die raadslede het AZAPO geen deel daaraan gehad nie. Daar was nie samewerking van enige organisasies wat in die Vaal bestaan het wat so 'n kampanje uitgevoer het nie, indien daar enige bestaande organisasie was wat so 'n kampanje uitgevoer het.

Dan stel ek aan u verder dat beskuldigde nr. 3 was 'n lid van AZAPO in die Vaal en ook 'n baie aktiewe ondersteuner van AZAPO? -- Dit ontken ek, want ek het alreeds verduidelik dat indien beskuldigde nr. 3 'n AZAPO lid was in die Vaal, is ek die persoon wat veronderstel was om dit te weet.

En ek stel ook aan u die feit dat u vir die Hof kom



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sê of die getuienis wat u vir die Hof kom gee dat u het nie geweet dat Kehla Mthembu op hierdie vergadering van die 2de kom praat nie is vals. U as voorsitter van AZAPO in die Vaal het dit geweet? -- Kehla was nie deur AZAPO genooi as ꞌn spreker by hierdie vergadering nie en indien dit die geval was, sou ek daarvan bewus geword het, want die Vrydag, elke Vrydag as werknemers hou ons vergaderings met hom. Hy is die voorsitter van die werksvergaderings. Ek sou daarvan bewus geword het as hy deur AZAPO genooi was.

Kehla Mthembu het geweet u is die voorsitter in die Vaal van AZAPO. Is dit reg? -- Dit is so.

En hy sê nie vir u Vrydag "Kyk, ek gaan in die gebied waar u woon, ek gaan daar ꞌn vergadering toespreek. Weet jy van die vergadering?" nie? -- Hy het my nie gevra nie. Dit is juis die rede hoekom ek sê dat ek verbaas was toe ek hom sien.

Na die vergadering van 2 September 1984 is u saam met beskuldigde nr. 3 en Kehla Mthembu na beskuldigde nr. 3 se huis toe? -- Dit is so.

Wat bespreek julle toe daar? -- Toe ek in my antwoord gesê het dit is so, het ek bedoel dat ons na sy woning toe gegaan het, maar ek het nie bedoel dat ons daar gaan sit het en ꞌn gesprek gevoer het nie.

Ek vra u, het Kehla nie ꞌn opmerking gemaak daar by beskuldigde nr. 3 se huis dat hy kan sien hier is moeilikheid, hier kom probleme in die Vaal en beskuldigde nr. 3 moet sorg dat hy die volgende dag in die Vaal is nie? -- Nee.

U is saam met Kehla Mthembu weg na beskuldigde nr. 3 se huis toe? -- Dit is so.

Johannesburg toe? -- Nee.

Waarheen/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Waarheen? -- Ek is huis toe.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Hlomoka, dit was u voorneme om 3 September wel na die kerk van beskuldigde nr. 3 te gaan? -- Ja, dit is so, op voorwaarde dat die wegbly-aksie 'n sukses was. Dan sou ek gegaan het.

Maar u het 'n probleem as die wegbly-aksie 'n sukses is, dan kan u nie gaan nie, want dan is daar nie huurmotors nie? -- Ek het nie daarvan geweet dat die huurmotors nie daar gaan wees nie.

Maar die pamflet wat op 2 September se vergadering getoon is waar daar gesê is daar geen werkers en geen kinders wees nie, toe het u mos nou geweet daar gaan nie huurmotors wees nie? Hulle is mos werkers? -- Ja, dit is so, maar ek het nie geglo dat dit gaan gebeur nie.

U het nie geglo wat gaan gebeur nie? -- Dat alles wat in hierdie pamflet bevat word regtig so gaan plaasvind nie.

Ek stel ek aan u, u het geen plan gehad om 3 September by die kerk van beskuldigde nr. 3 te wees daardie oggend nie? -- Ek sê ek was van plan, as daar nie iets was wat in my pad was wat verhinder het dat ek daar uitkom nie.

Hoekom het u toe nie gegaan nie? -- Ek het nie gegaan nie omdat ek verneem het dat daar nie vervoer was nie.

U het nie gaan vasstel of u êrens vervoer kan kry nie? -- Ek het in die eerste plek gehoor van IC.8 dat hy nie werk toe kon gaan nie, want daar was nie vervoer gewees nie. Tweedens, die plek waar ek woon is naby die bus- en huurmotor-roetes. Met ander woorde, ek kon hoor dat daar nie 'n

gedreun/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gedreun is van die busse wat daar verby ry nie. Selfs by die winkels waarheen ek en IC.8 gegaan het, was daar nie busse gewees nie, want daar is ŉ bushalte daar.

U het nie gaan kyk of u êrens ŉ huurmotor in die hande kan kry om u Sharpeville toe te vat nie? -- Nee. Wat gebeur is, jy kry eers ŉ huurmotor na Vereeniging toe en dan klim jy oor en haal ŉ huurmotor na Sharpeville toe. Daar is nie ŉ huurmotor wat ŉ mens direk kan haal na Sharpeville toe van my plek af nie. So, IC.8 het alreeds vir my daarvan gesê dat daar geen huurmotors of busse is op my roete van my woning af na Vereeniging toe nie, want hy kon nie werk toe gaan nie. Hy is te Vereeniging werksaam.

Hoe lank woon u al op daardie plek of die huis waarin u gebly het op 3 September 1984? -- Ek was al vyf jaar daar op die 3de.

Het u na enigiemand daar in die omgewing gegaan en gesê "Kyk, ek wil graag Sharpeville toe gaan. Kan u my ŉ geleentheid gee. Ek sal vir jou petrol betaal of jou vergoed"? Het u enige so iets probeer doen? -- Nee.

Ons is nou by 3 September die oggend. U word toe wakker en wat gebeur toe, sê u? -- Ek was gesê IC.8 is teenwoordig. Later was ek gesê dit lyk asof die wegbly-aksie suksesvol was.

Toe u vir IC.8 nou in die huis kry, was hy alleen? -- Voor ek gaan was het, was hy alleen gewees.

En na jy gewas het? -- Die tweede persoon Sekhenekhe was al daar gewees.

Van waar af kom Sekhenekhe? -- Hy woon in Gebied 3.

Is dit ŉ vriend van u? --Ja, ek is aan hom gewoond.

Is hy ook ŉ lid van AZAPO? -- Nee.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wat het hy daar kom maak? -- Ek weet nie.

Ag nee, man, hy kom dan na u toe? -- Wat ons oor gepraat het, was die wegbly-aksie. Wat ek verder aan u wil sê is dat van die mense gebruik my straat om by die bushalte uit te kom.

Wat wil u daarmee sê? Was Sekhenekhe op pad bushalte toe, toe kry hy nie ŉ bus nie, toe kom hy by u aan of wat wil u sê? -- Miskien kan dit die geval wees, maar ek het hom nie gevra hoekom hy by my aangedoen het nie.

Op ŉ stadium is u en IC.8 en Sekhenekhe weg van die huis af. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Het u vir IC.8 of vir Sekhenekhe gesê "Kyk, ek wil eintlik vandag Sharpeville toe gaan"? -- Nee, ek het nie. Ek het sommer ŉ besluit van my eie geneem onmiddellik na IC.8 vir my gesê het hy kon nie werk toe gaan nie en dat die rede daarvoor die vervoer was. Toe het ek sommer besluit. Later ook in die loop van die dag het ek gesien dat daar geen vervoer was by die bushalte daar naby die koopsentrum nie en dit het toe my besluit versterk nadat ek dit self gesien het.

Ons weet nou klaar van Sekhenekhe, maar het IC.8 vir u gesê wat kom maak hy by u huis? -- Nee, hy het nie gesê nie, maar hy woon naby my huis.

Het u met hom enigiets van u werk met IC.8 oor gepraat? -- Nee, nie op hierdie dag nie.

IC.8 is ŉ man wat nog laas vir u geld geskuld het. Het u nie vir hom gevra "Bring jy my geld vandag" nie? -- IC.8 woon daar naby my. Ek het dus geen rede gehad om te dink dat hy my nie sal betaal nie.

Nee, dit is nie wat ek vir u gevra het nie. Toe u hom nou weer sien, u het vir die Hof gesê die laaste keer wat

u/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

u hom gesien het, het hy nog vir u geld geskuld, toe het u seker vir hom gevra "Jy bring seker my geld vir my. Dit is seker wat jy hier kom maak"? -- Ek het nie so gesê nie, maar wat vir my die dag belangrik was, was dat daar nuwe ontwikkeling was wat eintlik nie normaalweg in Sebokeng gesien word nie. So, ek het nie aan die geld gedink nie.

Die nuwe verwikkeling wat u van praat, is dit die wegbly-aksie? -- Dit is so.

U en IC.8 en Sekhenekhe is nou weg daar by u huis. Waarheen is u toe? -- Na die winkels toe.

U wou vir u gaan sigarette koop het? -- Dit is so.

By Jackpot Supermarket? -- Nie noodwendig Jackpot Supermarket nie, maar by die winkels in daardie sentrum.

Waar wou u gaan koop het? -- Ek koop by enige winkel waar daar sigarette verkoop word. Ek maak nie ꞌn keuse nie, maar op hierdie geleentheid was ek op pad na die winkels toe in Gebied 3. Dit is die koopsentrum waar Jackpot Supermarket ook geleë is.

U het vir die Hof gesê op daardie stadium het u al geweet die wegbly-aksie is ꞌn sukses? Net ja of nee? -- Ek het dit al gehoor, maar dat ek self kennis daarvan opgedoen het en daarvan geweet het, het ek nog nie gesien nie.

Ag, nee, u vrou en u kinders sê vir u dit lyk vir hulle dit is ꞌn sukses, u hoor geen busse ry nie, u sien geen huurmotors nie? -- Ja, dit is so. Dit was alles duidelik gewees.

Wat gaan maak u by die winkels wat toe is? -- Nee, maar ek het nog nie gesien dat die winkels toe is nie.

Maar die oproep was tog dat die werkers nie gaan werk nie, nie moet gaan werk nie, die winkels moet vir 24 uur toe wees, u sien daar is geen busse nie, daar is geen huurmotors

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie, u het mos nou geweet hier is geen winkels oop nie? -- Nee, soos ek sê, ek het dit nie baie ernstig beskou nie. Ek het dus nie dit oorweeg met betrekking tot die winkels nie, want dit is nie eintlik ŉ normale gebeurtenis dat dit so plaasvind nie.

Jackpot Supermarket behoort aan ŉ raadslid Jan Mokoena. Is dit reg? -- Dit is so.

Het u nie gaan kyk of die mense gehoor gee aan die oproep vir die weg-bly aksie nie? Het u nie gaan seker maak al die winkels is wel toe nie? Is dit nie die doel hoekom u soontoe gegaan het nie? -- Die beroep was nie deur my gemaak nie, ook nie deur my organisasie nie. Dus het ek geen rede gehad om dit te gaan vasstel nie.

Maar dit was u oproep op die vergadering, dit was u ondersteuning van Nana op die vergadering van 2 September dat daar ŉ "stay-away" moet wees en u het gesê die mense moet bymekaar kom die volgende dag by die kerk? -- Nee, ek het gesê daardie persone wat in staat sal wees, kan kerk toe kom.

Was al die winkels toe by daardie sentrum waar jy gekom het? -- Ja, dit is so.

Wat maak u en IC.8 en Sekhenekhe toe? -- Ek het ŉ versoek aan hulle gerig dat ons na ŉ vergadering toe moet gaan wat gehou word by die Roomse Katolieke Kerk, Small Farms.

Van die VCA? -- Dit is so, maar die vergadering is bedoel vir die gemeenskap as geheel, die inwoners van die Vaal omtrent die kwessie van die huur en die vergadering word gehou op ŉ dag wat nie gewoonlik gebruik word vir vergaderings nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het u beswaar om deel te neem aan vergaderings van geaffilieerdes van UDF nou skielik weggeval? -- Wat duidelik hier moet wees is dat ek sal nie saam met die geaffilieerdes van UDF werk nie, maar om 'n vergadering by te woon saam met hulle, is heeltemal 'n verskillende ding van samewerking met die mense.

Dan is ons terug waar ons 'n paar dae gelede by was, waarom was u nie op 26 Augustus se vergadering wat die VCA gehou het oor huurverhogings nie? Hoekom gaan u toe Sharpeville toe? -- Ek het 'n bietjie gemaklik gevoel by die vergaderings van Sharpeville, want hierdie vergaderings was belê deur 'n komitee en nie 'n organisasie nie.

Ek stel aan u u was nie by 26 Augustus se vergadering te Small Farms nie omdat u aktief betrokke was by die vergadering van 26 Augustus 1984 in Sharpeville en dat die doel was vooraf van u in AZAPO om daar betrokke te wees in Sharpeville, in daardie deel van die gemeenskap? -- Nee, dit is nie so nie en tweedens, my organisasie het geen rol gespeel met die vergadering van Sharpeville nie.

Is dit nie so dat in Sharpeville woon die meeste AZAPO lede van al die gebiede in die Vaal nie? -- Nee.

Waar woon die meeste lede van AZAPO in die Vaal? Ek praat van September 1984? -- Die meeste van die lede woon in Sasolburg en dan die tweede met die meeste is Sebokeng.

Ons was laas waar u gesê het u was by die winkels en die winkels was toe en u kry toe 'n idee u gaan nou na 'n vergadering toe by Small Farms? -- Ja, dit is so.

Wie is almal Small Farms toe? Watter groep? -- Toe ons weg is daar, was dit ek, IC.8, Sekhenekhe en Duke. Duke het by ons aangesluit by die koopsentrum.

Aan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Aan watter organisasie, indien enige, behoort Duke? -- Ek ken hom nie as ŉ lid van enige organisasie nie.

Toe u nou Small Farms toe is, het IC.8 vir u op daardie stadium al ingelig hy is ŉ lid van VCA? -- Nee.

Het u die dag ŉ AZAPO T-hemp aangehad? -- Onder die hemp wat ek aangehad het, het ek, ja.

En IC.8, wat het hy aangehad? -- Ek kan nie meer onthou wat hy aangehad het nie, maar dit was nie ŉ T-hemp gewees nie.

Lapelwapen van AZAPO of van enige organisasie, het hy dit aangehad? -- Ek het dit nie gesien nie en ek kan my nie voorstel dat ek dit gesien het nie.

Ek wil aan u stel dat u getuienis dat IC.8 u by u huis gekry het, is vals, u het inderdaad die oggend van 3 September vir IC.8 by sy huis gaan kry? -- Nee, dit is nie so nie. Ek vertel u van wat gebeur het.

U is toe nou op pad na die kerk by Small Farms en toe u by die kerk kom, waar het u van die voertuig afgeklim waarmee u ŉ geleentheid gekry het? -- Die bakkie het die perseel binnegegaan van Small Farms se plek en toe die bakkie daar binne op die perseel tot stilstand gekom het, het ons afgeklim.

In die vierkant of eenkant op die perseel? -- Dit het net die hek binnegegaan in die vierkant en toe daar tot stilstand gekom. Hy het nie ver ingery nie.

Uself het in die vierkant inbeweeg? -- Ja, dit is so.

Wat was die doel gewees? -- Ek is mos op pad na ŉ vergadering toe en met my aankoms daar is die doel dat ek die vergadering bywoon. So, toe ek daar afgeklim het, beweeg ek na die saal toe om die vergadering by te woon.

Wat word van die ander persone wat saam met u van die

voertuig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

voertuig afgeklim het? -- Die laaste wat ek van hulle bewus was was toe ons van die voertuig afgeklim het. ŉ Persoon wat ek onthou wat naby my was, was IC.8 wat saam met my beweeg het. Ons het by die deur gaan staan.

Die persoon wat hier getuig het, eerwaarde Mahlatsi, het u hom geken op 3 September? -- Nee, ek het hom nie geken nie.

Net voor ons kom by wat self gesê is in die kerk, toe julle by die perseel in ry, kon julle vrylik beweeg? Is julle voorgekeer deur iemand? -- Niemand het ons voorgekeer nie. Soos ek sê, daar was baie mense gewees op die perseel, as gevolg waarvan hierdie voertuig nie verder kon inry in die perseel in nie.

Was daar iemand by die hek van die ingang van die kerk wat die hek beheer het en wat vir julle gesê het wat julle kan maak en waarheen julle kan gaan nie? -- Nee, ek het nie so ŉ persoon gesien nie.

En toe u daar na die kerk toe gaan, in die vierkant, het u enige plakkate gesien? -- Ek het nie opgelet nie.

Het u gesien of enigiemand besig was om plakkate te maak in die vierkant? -- Ek het dit nie gesien nie. Ek sal u sê hoekom ek dit nie opgelet het nie is omdat my gedagte reeds beset was met die vergadering. Wat ek in my gedagte gehad het wat daar met my gebeur het, was dat ek besig was om te dink aan die groot getal mense, dat ek miskien nie toegang daar gaan kry nie. So, dit het dus nie gebeur dat ek bewus geword het van enige ander ding daar nie.

Het u voor u die saal ingegaan het vir beskuldigde nr. 8 hier in die hof gesien of beskuldigde nr. 15? -- Hulle was destyds nie aan my bekend nie.

Hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Hoe laat het u aangekom by die kerk? -- Ek kan nie presies onthou hoe laat dit was nie, maar dit was nie lank voor 09h00 nie. Dit was nie baie minute voor 09h00 nie.

08h45, 08h50 of kan u nie sê nie? -- Ek kan nie 'n skatting gee nie. Ek sal u sê hoekom nie. Op die stadium toe ons die geleentheid gekry het om by die vergadering te kom, toe ons na die tyd gekyk het, het ons besef dat ons dit nie gaan maak nie, want die vergadering begin om 09h00. Dus gaan ons laat wees.

U getuienis dat u nie weet van die plakkate en dat daar plakkate in die vierkant gemaak is nie, wil ek aan u stel is vals? -- Ek sê ek het dit nie opgelet nie.

Want ek sal vir u sê hoekom ek dit vir u sê, want in Volume 21 op bladsy 1 009 was aan IC.8 gestel, toe u en IC.8 en die ander persone daar aankom "I am going to put to you that the people outside in the court-yard were busy preparing placards"? -- Ek weet nie daarvan dat daar plakkate geskryf was nie. Mense wat daarvan bewus was, dat daar plakkate geskryf was, is die persone wat daardie instruksies vir die verdediging gegee het.

Maar u is die persoon wat saam met IC.8 - u was die enigste van die beskuldigdes wat saam met IC.8 daar aangekom by die kerk? -- Ja, dit is so dat ek en hy daar gelyktydig aangekom het, maar ons was nie die enigste persone daar teenwoordig nie. Daar was van die persone wat ons alreeds daar teenwoordig gevind het.

U het nie hierdie inligting vervat op bladsy 1 009 vir die verdediging gegee nie. Is dit wat u sê? -- Ek sê so, want ek weet nie daarvan nie.

U is nou op pad na die deur toe van die kerk by Small

Farms/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Farms. Wat gebeur toe? -- Hier vind ek baie mense en ons kan nie toegang kry nie. Ek hoor net iemand praat. Hy praat van binne die kerk af, dit wil sê die saal.

Het die persoon normaal gepraat? -- Dit is so. Die persoon praat net 'n bietjie harder.

U het buite die kerk ook later vir Esau gehoor. Kan u vir die Hof sê is dit dieselfde persoon wat u in die kerk gehoor het? -- Vir my het dit geklink asof die stem identies is as die een wat ek binne-in die saal gehoor het, maar ek kan nie met sekerheid sê dat hy die persoon is wat in die saal gepraat het nie.

Het u saam met IC.8 hier ingedruk in die saal in en met die skouers gewerk tot u voor in die saal gekom het? -- Nee, ons het dit nie gedoen nie, want toe ons daar gekom het, vind ons ander mense wat daar staan wat nie in staat was om toegang te kry nie.

Ek stel aan u u het dit gedoen. U is die voorsitter van AZAPO in die VAal en IC.8 'n bestuurslid van AZAPO in die Vaal, sou nooit tevrede gewees het om by die deur te gestaan het en kyk wat aangaan nie, u wou by die verhoog uitkom? -- Ek het alreeds gesê dat AZAPO het geen deel gehad by hierdie vergadering nie. Dus was dit nie vir my belangrik gewees waar ek 'n plek moet gaan inneem nie en of ek verskillend beskou moet word van die ander mense nie.

Wat het die persoon in die saal gesê wat u kon hoor? -- Hy het gesê nou is dit tyd dat daar na Houtkop toe gegaan moet word.

En wat gebeur toe? -- Ek sien toe mense uitkom.

En Esau, het hy ook uitgekom? -- Ja, na 'n tyd het ek hom gesien uitkom.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het hy laaste uitgekom? -- Nee, nie die laaste nie.

Wat maak Esau toe hy uitkom? -- Ek het nie gesien wat hy daar gedoen het toe hy uitkom nie. Ek het hom net op hierdie stadium opgemerk toe hy die mense geroep het en gesê het dat hulle nader moet kom.

Toe jy nou hier hoor uit die saal uit hier is ŉ mars, hoekom gaan jy nie huis toe nie? Dit is mos nie wat julle op besluit het en ooreengekom het te Sharpeville nie? -- Ek het mos al vir die Hof gesê dat ek alreeds gehoor het van hierdie mars. So, daar was geen rede vir my om huis toe te gaan nie.

Het u na hierdie Small Farms toe gegaan met die doel om te gaan deelneem aan die opmars? -- Ja, dit was met die doel gewees om deel te wees van die opmars, maar wat ek verwag het was dat daar gaan eers ŉ vergadering wees wat gehou word en daarna eers sou die mars begin het. Ek was van voorneme om deel te vorm daarvan.

Was u nou op 3 September self bereid om aan ŉ opmars deel te neem gereël deur die VCA? -- Twee dinge was vir my van belang. Eerstens, die belangrike punt van die optog was watter soort van ŉ optog dit is, hoe word dit gedoen. Tweedens het dit te doene gehad met die huur en nie met VCA nie.

Toe u besluit het u gaan na hierdie Small Farms toe om ŉ vergadering by te woon en dan deel te neem aan die opmars, het u toe al geweet die opmars is goed georganiseer? -- Nee, ek het nie. Dit is juis die punt, ek praat van die vergadering. Dit het ek gedink sal ek van hoor by die vergadering wat eers gehou gaan word om dit te bepaal.

Maar u hoor dan nou niks in die vergadering nie.

Waarom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Waarom gaan neem u dan deel aan die opmars? -- Ek het eers by die optog aangesluit na ek dit wat daar buite gesê was gehoor het.

HOF : So, basies is julle weg van die winkelsentrum om, nadat daar ŉ vergadering gehou is, aan te sluit by die optog, almal van julle? -- Ons het nie ŉ gesprek uitgevoer aangaande die optog nie. Ek het net daarvan geweet as ŉ persoon. In my gedagte het ek dit gehad.

So, u sê vir die mense "Kom ons gaan na die vergadering", u weet van die optog, maar u sê nie "Kom ons gaan na die vergadering en die optog" nie? -- Nee, ek het nie dit aan hulle gesê nie.

So, basies beteken dit dat die ander mense wat u betref gaan om ŉ vergadering by te woon, u gaan om ŉ optog by te woon? -- Nee, ek weet nie, maar wat ek sê is die volgende. Ek was bereid gewees om deel te neem aan hierdie optog, maar ek wou eers bepaal het wat se soort optog dit gaan wees. Dit is die rede hoekom ek my nie bereid verklaar het om enigiets te meld aangaande die optog aan die mense wat saam met my was toe ons besluit het om die vergadering by te woon nie. Dit is omdat ek nie geweet het watter soort van ŉ optog dit gaan wees nie.

MNR. FICK : U wou ook nie eers vir hulle sê "Kyk, mense, julle moet nou saam met my gaan na ŉ vergadering toe, maar daardie tyd gaan daar ŉ optog wees. Julle moet dink of julle daaraan wil deelneem. Wil julle nog na die plek toe gaan?"
K728 nie? Het u dit vir hulle gesê? -- Nee, ek het dit nie genoem nie.

Wat het u bedoel met u antwoord u wou eers sien watter soort optog dit is? -- In die eerste plek het ek nog nie

vantevore/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

vantevore 'n optog bygewoon waar ek deelgeneem het nie. Tweedens, ek wou nog bepaal het wat se reëlings getref is vir hierdie optog. Derdens, ek wou vasgestel het of die optog nie net bedoel was vir die VCA of die ondersteuners daarvan nie en of dit nou bedoel was in die algemeen vir almal.

Het u op daardie stadium ook geweet dat die opmars is gereël deur VCA? -- Ja, dit is so.

Esau kom nou uit die saal uit na hy daar binne iets gesê het, wat gebeur toe? -- Na dit het beskuldigde nr. 8 toe gepraat.

Het beskuldigde nr. 8 eers gepraat na die mense uit die saal gekom het? Is dit wat u sê? -- Nee, wat ek sê is dat na Esau iets te sê gehad het buite die saal, dit wil sê na die gehoor die saal verlaat het, het beskuldigde nr. 8 eers gepraat.

Wat sê Esau toe buite die saal? -- Wat Esau daar buite die saal gesê het was die volgende, dat hierdie, met verwysing na die optog, is 'n belangrike optog en dit is ook belangrik dat hierdie optog Houtkop bereik.

Het hy gesê hooekom? -- Nee.

Wat het hy nog gesê? -- Hy het 'n versoek gerig aan die mense daar teenwoordig om hulle self goed te gedra.

Wat nog? -- Hy het toe verder gesê in geval waar daar polisie teëgekom word, die mense teenwoordig in die optog moet nie toelaat dat hulle kwaad gemaak word deur die polisie nie en dieselfde geld ten opsigte van hulle, dat hulle nie die polisie moet kwaad maak nie.

Wat het hy nog gesê? -- Dit is wat ek onthou van wat hy gesê het.

Het hy niks gesê van wat sou gebeur as julle nou die

polisie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

polisie sou teëkom, wat dan nie? Julle mag huis toe of wat gebeur dan? -- Nee, hy het dit nie gesê nie.

Jy het nie gewonder wat gaan nou gebeur nie? Hier is julle op pad, dit is belangrik dat julle moet Houtkop toe gaan, dit is ŉ belangrike mars en hy praat van die polisie, maar hy sê nie wat gaan gebeur as die polisie opdaag, wat gaan julle dan maak nie? -- Ek het alreeds verstaan wat hy daarby bedoel het wat die boodskap is, naamlik toe hy gesê het die mense moet hulle self goed gedra as hulle die polisie teëkom en tweedens, toe hy gesê het dat hierdie optog by Houtkop moet uitkom, het ek verstaan dat hy bedoel as die mense hulle self goed gedra, dan sal hierdie optog by Houtkop uitkom.

Wie het na Esau gepraat? -- Beskuldigde nr. 8.

Het Esau normaal gepraat? -- Ek weet nie wat u daarby bedoel nie, want ek is nie gewoond aan hom nie, ek het hom nog nie vantevore gehoor met mense praat nie. Dus is ek nie in staat om sy normale spraak te kan beskryf nie.

Nee, die manier waarop hy gepraat het, was dit normaal? -- Wat ek opgemerk het is dat hy normaal gepraat het.

Hoekom ek vir u vra is, die verdediging het hier gestel, te kenne gegee dat Esau is ŉ hakkelaar, hy kan nie juis praat nie.

MR BIZOS : We did not say that he could not speak.

COURT : Well, it is not put that he cannot speak. He cannot speak properly, hy kan nie juis praat nie.

MR BIZOS : I am sorry, I did not hear the "juis."

MNR. FICK : U sê die dag was daar nie sulke moeilikheid nie? -- Nee, ek het hom normaal hoor praat, maar hy het stadig gepraat. Ek sal vir u sê hoekom ek sê normaal nie. Ek is

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie gewoond aan die man nie. Ek het nie kennis van sy toespraak of sy manier van praat nie. Hierdie dag het hy stadig gepraat. Dus beskryf ek die praat van hom as normaal.

Wat het beskuldigde nr. 8 te sê gehad buite die saal? -- Beskuldigde nr. 8 se versoek aan die mense was dat hulle nie vinnig moet beweeg nie, hulle moet normaal loop, omrede daar teenwoordig is ouer mense. Hy het toe verder gesê dat hierdie optog gaan beheer word deur "marshalls". Dus die mense moet luister na wat die "marshalls" sê.

Beskuldigde nr. 17 het ook gepraat. Wat het hy te sê gehad? -- Beskuldigde nr. 17 se versoek was dat die mense bymekaar moet bly tot hulle op Houtkop uitkom. Dit wil sê in die optog.

Wat van hierdie wat Esau en beskuldigde nr. 8 en beskuldigde nr. 17 gesê het het u vrae oor die optog tevrede gestel voordat u besluit het om deel te neem aan die optog? -- Alles wat daar gesê was deur die drie soos genoem deur u, het my tevrede gestel.

Op watter manier is u hierdeur tevrede gestel dat dit nie net ŉ opmars is van die mense van die VCA nie? -- Omdat daar geen melding gemaak was van die VCA nie.

Op watter stadium op hierdie datum 3 September 1984 het u die eerste keer plakkate gesien? -- Ek het eers vir die eerste keer bewus geword dat daar plakkate was toe daar iemand die mense geroep het deur te wink dat hulle na vorentoe moet kom met die plakkate. Dit is eers op daardie stadium dat ek daarvan bewus geword het.

Wie is die iemand? -- Dit was ŉ onbekende persoon aan my gewees.

Dit was nie dalk beskuldigde nr. 19 nie? -- Nee.

Ken/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ken u ŉ persoon met die naam van Modise Mthombeni? -- Nee.

Hierdie plakkaatdraers, al die mense wat plakkate gebring het, hoeveel was hulle? Weet u? -- Ek kan nie die presiese getal van die mense onthou nie, maar as ek nou moet skat was hulle ŉ bietjie meer as tien.

Was die mense wat die plakkate daar gedra het middeljariges? -- Ek het die jeug opgemerk.

Was dit net die jeug? Ons sal nou-nou kom by wat u bedoel met jeug, het u net van die jeug opgemerk met plakkate? -- Dit is so.

Dit is nou mense tot die ouderdom van 30? -- Ja, dit is so. Dit is die skatting van die ouderdom van die jeug, maar die meerderheid van die persone was om en by die ouderdom van 22. Dit wil sê plus-minus 22 was die meerderheid van hulle daar teenwoordig.

Die plakkaatdraers, van hulle of almal van hulle, het hulle hulle organisasie of organisasies se T-hemde gedra? -- Nee, ek het nie T-hemde opgemerk nie.

En Esau, hoe was hy gekleed? -- Ja, Esau het - T-hemp aangehad. Bo-oor dit het hy iets anders aangehad.

Wat? -- Ek kan nie onthou nie.

HOF : Ons kry T-hemde en T-hemde. As u nou praat van T-hemde is dit nou hemde sonder iets daar op geskryf of geteken of T- hemde met iets daar op geskryf of geteken? -- Dit was ŉ UDF T-hemp wat hy aangehad het.

MNR. FICK : Kan u betwis dat die ding wat hy bo-oor hierdie T-hemp aangehad het was wat julle genoem het ŉ "afro-shirt"? -- Nee, as dit ŉ "afro-shirt" was, sou ek nie in staat gewees het om die T-hempie onder dit te sien nie. Dit was iets oop voor.

Terwyl/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Terwyl, dit is net voor Esau uit die saal gekom het, was daar al mense wat die opmars opgestel het of begin het om die opmars op te stel of het die mense nog daar rondgedwaal in die vierkant? -- Ek het niemand gesien wat besig was om die voorbereidings te doen vir die optog voor Esau die saal verlaat het nie.

Op watter stadium is daar begin met die voorbereidings vir die opstel van die optog? -- Toe Esau gepraat het, was dit in die nabyheid van die muur. Dit wil sê die mense het met hulle rûe na die uitgang van die perseel gestaan. Na beskuldigde nr. 17 gepraat het, wat ook van dieselfde posisie gepraat het waar Esau was, terwyl die mense nog in dieselfde posisie gestaan het, het die mense omgedraai en wegbeweeg vanaf die muur en die rigting dus verander na die hek se rigting toe. Eers daarna was die voorbereidings gedoen.

Is dit op daardie stadium wat die plakkaatdraers gewink is hulle moet nader kom? -- Dit is so, ja.

Is daar nog ander mense gesê hulle moet vorentoe kom, behalwe die plakkaatdraers? -- Nee, ek onthou nie. Al wat ek onthou is dat die plakkaatpersone geroep is.

Toe Esau buite gepraat het voor beskuldigde nr. 8 en nr. 17, is dit die laaste keer wat Esau gepraat het voor die mars wegbeweeg het? -- Dit was die laaste keer dat ek hom gehoor praat het daar.

Na Esau daar gepraat het voor nr. 8 en nr. 17, wat het van hom geword? -- Ek weet nie wat van geword het nie. Ek het hom nie spesifiek dopgehou om te sien wat van hom geword het nie. Ek het geluister na die mense wat daar gepraat het. Dus, die laaste wat ek van hom bewus geword het, is terwyl hy daar was.

Toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Toe die voorpunt van die optog opgestel is, hoe het dit gelyk? Wie het daar almal gestaan by die voorpunt? -- Ek het nie opgelet nie. Daar was wel persone gewees wat die leiers was of die voorpunt gevorm het van die optog. Ek het eintlik nie veel belang in hulle gestel nie. Ek het meer aandag gegee aan die plakkate.

Wanneer op 3 September 1984 is gereël dat daar leiers moet wees van hierdie optog? -- Ek het nie gehoor dat dit gereël word nie.

Was daar leiers van hierdie optog wat u gesien het? -- Daar was persone gewees wat die voorpunt was van hierdie optog, maar ek het nie 'n belang gehad aangaande daardie persone nie.

Daardie persone wat u van praat, het hulle voor die plakkaatdraers geloop of agter die plakkaatdraers of waar het hulle geloop?

MR BIZOS : The State case is that there was a march and that there were leaders of the march. The defence case is that there was a march and that there were leaders of the march.

COURT : What is die objection? I think the point actually is who were the leaders of the march?

MR BIZOS : If that is what is wanted, I withdraw the objection, but I would submit that much of this cross-examination is covering ground on which four or five of the accused have already given evidence. Much of it was not challenged.

COURT : You will recall that there is a vast difference between the State case and the defence case on who were the leaders of this march.

MR BIZOS : No, I accept that. I did not understand the

cross-examination/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

cross-examination to lead into that once the witness said that he did not know who they were and he did not know them.

MNR. FICK : Kan u die vraag vir ons antwoord, hierdie persone wat u sê wat die leiers was, het hulle voor die plakkaat-draers geloop, agter hulle geloop of waar het hulle geloop? -- Ek het aangeneem dat die plakkaatdraers is die persone wat die optog lei, want hulle was heel voor gewees.

Verstaan ek u reg, die plakkaatdraers was eerste opgestel in hierdie optog? -- Toe die optog begin weggaan vanaf Small Farms het ek opgemerk dat die plakkaatdraers die persone is wat heel voor stap.

Nou vra ek u, is die plakkaatdraers heel eerste opgestel en toe is daar vir die ander mense gesê hulle moet inval agter hulle? -- Ek weet nie of dit so gesê was nie, maar wat ek wel opgemerk het is dat daar ander mense was wat agter die plakkaatdraers gevolg het.

Toe die plakkaatdraers opgestel is, het hulle voor gestaan en hulle het weggekyk van die kerk af in die rigting van die pad af. Is dit reg? -- Dit is so.

Het hulle hulle plakkate in die lug gehou? -- Dit is so, ja.

Waar was u op die perseel van die kerk? -- Ek was op die perseel.

Maar waar op die perseel? Agter die plakkaatdraers, ŉ entjie agter hulle, langs hulle, waar? -- Ek was nie baie ver gewees van die plakkaatdraers nie. Ek skat ongeveer in die middel.

HOF : In die middel van wat? -- Met die opstel van die optog is die plakkaatdraers geroep met ŉ wink om na vorentoe te gaan. Hulle is by my verby en waar ek was, daardie

gedeelte/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gedeelte was alreeds in die vorm van ŉ optog, maar verder na agtertoe, die mense daar het nog nie ŉ optog gevorm nie. Dus die mense het nog los beweeg daar agter. Ek was dus nie ver van die mense af gewees met die plakkate nie, in die middel van dié wat alreeds die optog gevorm het en dié wat nog los was.

MNR. FICK :

Die plakkaatdraers staan toe daar voor u met hulle rûe na u toe op die punt van die optog? -- Ja, dit is so.

Dit is die eerste keer wat u gesien het daar is plakkaatdraers? -- Nee.

Wanneer het u hulle vir die eerste keer gesien? -- Toe hulle vorentoe geroep was om ŉ posisie in te neem voor by die optog, is hulle by my verby van agter af. Dit wil sê hulle is by my verby waar ek was. Ek het hulle gesien. Hulle is by my verby tot by die voorpunt waar hulle posisie moes ingeneem het. As ek so sê bedoel ek nie ek het almal gelyktydig daar gesien nie. Ek praat van die meerderheid van hulle wat ek op daardie stadium gesien het.

Dit is die stadium wat u toe ook die plakkate dopgehou het? -- Dit is so.

U het toe geleentheid gekry toe hulle daar verbykom om al die plakkate te sien, om dit te lees? -- Dit was nie die laaste kans nie.

Wanneer het u weer kans gekry? -- Toe die plakkaatdraers nou uit die perseel uit is en in ŉ rigting gedraai het, die hoek waar ek was terwyl ek nog op die perseel was, na hulle uit die hek is, kon ek die plakkate weer gesien het. Dus kon ek dit lees van daardie hoek af.

Die maklikse ding sou wees om uit die tou uit te gaan en daar by hulle te gaan staan en te lees wat staan op die

plakkate/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

plakkate en dan weer na u plek toe terug te gaan? -- Ek het dit nie gedoen nie.

As enigeen kom sê het dat op hierdie oggend voor die opmars is daar 'n algemene uitnodiging gerig aan die mense wie so voel kan leiers wees van die optog, is dit verkeerd? -- Ek het nie so 'n aankondiging gehoor nie.

U sou dit gehoor het van Esau as Esau dit gesê het daar op die perseel waar u gestaan het? -- Ja, indien dit gesê was deur Esau toe hy 'n toespraak gemaak het of iets te sê gehad het oor die optog, net voor beskuldigde nr. 8(10) ook iets te sê gehad het, sou ek dit gehoor het.

En sou u dit ook gehoor het as hy dit gemaak het net na beskuldigde nr. 17 gepraat het? -- Ja, indien hy dit sou gesê het onmiddellik na beskuldigde nr. 17, sou ek dit gehoor het.

Beskuldigde nr. 9, het u hom die oggend van 3 September by die kerk gesien na Esau gepraat het? -- Nee. Hy was nie aan my bekend nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 2 JUNIE 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017